



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Menseregtebeleid

Verwysingsnommer	2P/2.7.3
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal
Beleideienaar	Direkteur: Werknemerverhoudinge
Verantwoordelike afdeling	Werknemerverhoudinge
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste keer goedgekeur op 26 September 2006. Hersien in September 2012 en Junie 2016
Wysigings	Hierdie beleid is in September 2012 hersien en slegs redaksionele veranderings is aangebring. Hierdie beleid is heeltemal hersien in 2016
Datum van wysigings	Junie 2016
Hersieningsdatum	2019
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Prosedure handleiding Klagte-aanmeldingsvorm
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/index.html
Adres op die beleidsdatabasis	H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Junie 2016\2P-2.7.3_human rights_a.docm

MENSEREGTEBELEID

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Menseregtebeleid op 22 September 2006 aanvaar.

2 Uitgangspunt

- 2.1 Die Noordwes-Universiteit erken die fundamentele regte en waardes wat in die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (hierna genoem die Grondwet) vervat is;
- 2.2 Die Noordwes-Universiteit erken dat hierdie fundamentele waardes en regte in die universiteitsgemeenskap gerespekteer en gehandhaaf moet word; en
- 2.3 Die Noordwes-Universiteit erken dat hierdie fundamentele regte en waardes nie in isolasie beskou moet word nie, maar toegepas moet word as 'n integrale deel van alle universiteitspraktyke en -beleide.

3 Doelstellings

Doelwitte van die Menseregtebeleid:

- (1) Bevorder 'n kultuur van menseregte, en van die handhawing, respek en beskerming daarvan;
- (2) Ontwikkel 'n bewustheid van menseregte onder die universiteitsgemeenskap en sy eksterne omgewing deur nie-akademiese opvoedkundige programme;
- (3) Moniteer en assesseer die voldoening aan menseregte in die universiteitsgemeenskap;
- (4) Maak aanbevelings aan die Raad oor die bevordering van menseregte binne die raamwerk van die wet en die Grondwet; en
- (5) Stel ondersoek in na enige beweerde skending van menseregte binne die universiteitsgemeenskap en verleen bystand aan enige persoon wat negatief daardeur geraak word ten einde regstelling te verseker.

4 Bestek en Toepassing

Die beleid is van toepassing op alle lede van die Universiteit (personeel en studente) sowel as diensverskaffers van die Universiteit.

5 Leidende Beginsels

Die Menseregtebeleid sal deur die volgende dokumente, waardes en beginsels gelei word:

- 5.1 Die Grondwet;
- 5.2 Die waardes soos vervat in die Grondwet, bv. die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid;
- 5.3 Wetgewing uitgevaardig ingevolge die Grondwet, bv. die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (2 van 2000), die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (3 van 2000), die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onregverdigde Diskriminasie (4 van 2000), en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (4 van 2013);

- 5.4 Konstitusionele Hof-beslissings en ander relevante jurisprudence oor menseregte;
- 5.5 Besluite, publikasies en beleidsdokumente van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie; en
- 5.6 Internasionale, streeks- en buitelandse dokumente en kommentaar oor menseregte, in soverre dit is nie in stryd is met die Grondwet nie.

6 Korporatiewe bestuur, bestuursrolle en aanspreeklikhede

Die Raad is verantwoordelik vir die monitering en die implementering van die Menseregtebeleid.

Die Raad is verantwoordelik vir die totstandbrenging van 'n onafhanklike Noordwes-Universiteit-menseregtekomitee.

Die Noordwes-Universiteit se Menseregtekomitee sal onafhanklik en onpartydig funksioneer en sal sy bedrywighede te goeder trou en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel uitvoer.

Die lede van die Noordwes-Universiteit se Menseregtekomitee sal verteenwoordigend wees van die universiteitsgemeenskap en sal sensitiwiteit toon vir ras, geslag en gestremdheid.

Die Noordwes-Universiteit se Menseregtekomitee sal aanspreeklik wees teenoor die Raad.

Oorspronklike gegewens: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Junie 2016\2P-2.7.3_human rights_a.docm
11 Julie 2016

Huidige gegewens: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Junie 2016\2P-2.7.3_human rights_a.docm
11 Julie 2016

Verwysingsnommer: 2P/2.7.3